# Laerskool Dagbreek

GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

Privaatsak X2038
OBERHOLZER
2502

Tel.: (018) 787 4171
Faks: (018) 787 4172

Webtuiste adres:
www.laerskooldagbreek.co.za


**OMSENDBRIEF 7/2018** **26 Februarie 2018**

Geagte Ouers

Graag bring ons die volgende belangrike sake onder u aandag.

1. **Veiligheid van ons kinders**

   **GEEN** ouers word op die terrein toegelaat voor skool en in die middae na skool nie.

2. **Hekke**

   Die hekkie in Suidstraat sal in die middae om 14:15 gesluit word.

3. **Klerewinkel**

   Die klerewinkel agter in die saal is Dinsdae vanaf 13:30 tot 17:30 oop. Maak gebruik van die hekkie in Olivinestraat om toegang tot die terrein te verkry.

4. **6 Maart 2018**

   Hou asseblief hierdie datum oop. Beheerliggaamverkiesing om 18:00 in die skoolsaal.
   Ouers wat kom stem se kinders sal die volgende dag 'n ysie ontvang.

5. **Entrepreneursdag**

   Daar sal **geen** Entrepreneursdag wees hierdie kwartaal nie.

6. **Shavaton**

   Ons leerders kan deelnaam op Vrydag, 2 Maart aan die Shavaton by ons skool. Deur R10 te skenk aan die Kankervereniging, kan die kinders se hare gespuit word by die skool. Ondersteun hulle asseblief.

7. **Graad R**

   Die aantal Graad R-leerders wat ingeskryf het hierdie jaar, het 'n derde Graad R-klas geregverdig. Baie sterkte aan Me. Vicky van Staden wat die klas gaan behartig.

8. **Buitemuurse aktiwiteite**

   Oefentye is gelaai onder die bronne. Vergewis u asseblief daarvan.

9. **Skoolgeld**

   Dankie vir die ouers wat getrou betaal. Die paaiement vir Maart is nou betaalbaar.

10. **Subsidies**

    Graag herinner ons u dat alle subsidie-vorms teen Woensdag, 28 Februarie ingehandig moet wees. Onvolledige aansoeke sal nie oorweeg word nie.
    Let wel: U bly steeds verantwoordelik vir die betaling van die skoolgeld, totdat u aansoek goedgekeur is.

Vriendelike groete

Mnr. P.W. van Heerden
Hoof

admin@dagbreek.co.za